Kenners maan oor oormatige druk

Alet Rademeyer

PRETORIA. – Kenners het gister, aan die vooraand van die begin van die nuwe skooltermyn, gewaarsku dat ouers en onderwysers ag moet slaan op gevaartekens by leerlinge wat knak weens oormatige druk om te presteer.

Duisende leerlinge sal Maandag hul rapporte kry wanneer skole in die binneland heropen.

Prof. Kobus Maree, opvoedkundige sielkundige verbonde aan die Universiteit van Pretoria (UP), het gesê daar is 'n besliste toename in skoliere wat terapie moet kry omdat hulle uitbrand of aan stres ly weens oormatige druk om te presteer.

By die Oprah Winfrey School op Henley-on-Klip moes 'n leerling glo onlangs die skool verlaat nadat sy 'n senuwee-ineenstorting gehad het.

Maree meen dit is niks vreemds nie, aangesien leerlinge toenemend voel dat hulle uit alle oorde gedruk word.

Hy het gesê dit is ook só dat leerlinge wat uit benadeelde omstandighede kom, dikwels nóg meer sukkel wanneer hulle in skoolomgewings geplaas word wat baie prestasie-gedrewe is.

"Dié kinders voel as 't ware ontwortel.

"As hulle in omgewings kom wat radikaal van hul eie kulture verskil, kan dit hulle só negatief raak dat dit selfs tot psigiatriese probleme kan lei."

Hy het gesê daar is veral ook druk op vanjaar se matrikulante wat vir die heel eerste keer 'n resultaatgerigte eksamen gaan skryf en nie weet wat om te verwag nie.

"Benewens dat hulle bekommerd is, is daar van hulle wat onderwysers of ouers het wat bewustelik of onbewustelik hul stres aan die kinders oordra.

"Soveel kinders moet heeltyd hoor hulle gaan druip as hulle nie begin werk nie, of dat hulle nêrens gaan werk kry as hulle nie presteer nie."

Tekens by leerlinge wat onder geweldige druk verkeer, kan wissel van 'n uittartende, uitdagende of uitbundige houding, huiswerk wat nie gedoen word nie, konsentrasieprobleme, laatkommery of geen belangstelling in skoolwerk nie.

Dr. Elda de Waal, dosent in onderwysreg aan die skool vir opvoedkundige wetenskappe aan die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-universiteit (NWU), meen dit is inderdaad die geval dat heelparty swart leerlinge wat uit benadeelde omgewings kom, dikwels sukkel om in gegoede skole aan te pas waarheen hul ouers hulle vir 'n beter opvoeding stuur.

Uit onderhoude wat sy al met sulke leerlinge gevoer het, is dit duidelik dat hulle "heeltemal uit hul diepte is omdat van hulle uit skole kom waar daar geen druk op hulle was om te presteer of te kompeteer nie".

De Waal meen terwyl 'n mens nie van skole kan verwag om agteroor te buig vir leerlinge wat sukkel om druk te hanteer nie, behoort daar tog herbesin te word oor hóé hulle hanteer word.

"Kinders moet eerder gemotiveer as afgebreek word wanneer prestasie ter sprake is.

"Soveel kinders met wie ek praat, se naels is tot in die lewe afgebyt en hulle is angstig oor die verwagtings wat hul onderwysers, ouers en selfs maats aan hulle stel.

"Party is weer arrogant en doen snaakse goed om aandag te trek. Eintlik dui dit alles op 'n noodkreet."